<b>AANBIEDING</b>	<b>VLAK 1</b> Volg 'n onafhanklike en relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Uitstekende tegniese vaardig-hede en bewyse.	<b>VLAK 2</b> Volg 'n relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Minder belangrike foute.	<b>VLAK 3</b> Volg 'n relevante gedagterigting. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Strukturele gebreke. Hoë orde vaardighede ontbreek.	<b>VLAK 4</b> Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	<b>VLAK 5</b> Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poog om te struktureer. Tegniese gebreke.	<b>VLAK 6</b> Gedagterigting word nie volgehou nie. Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	<b>VLAK 7</b> Geen gedagterigting nie. Geen analise en historiese verklarings gemaak nie. Geen struktuur nie.	<b>VLAK 8</b> Geen poging om die vraag te beantwoord nie.
<b>INHOUD</b>								
<b>VLAK 1</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	<b>A+</b> 47 - 50	<b>A</b> 43 - 46	<b>A-</b> 40 - 42					<b>A: 160 - 200</b> <b>B: 140 - 159</b> <b>C: 120 - 139</b> <b>D: 100 - 119</b> <b>E: 80 - 99</b> <b>F: 67 - 79</b> <b>FF: 60 - 66</b> <b>G: 50 - 59</b> <b>GG: 40 - 49</b> <b>H: 0 - 39</b>
<b>VLAK 2</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	<b>A</b> 43 - 46	<b>A-</b> 40 - 42	<b>B+</b> 38 - 39					
<b>VLAK 3</b> Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	<b>B+</b> 38 39	<b>B</b> 36 - 37	<b>B-</b> 35	<b>C+</b> 33 - 34				
<b>VLAK 4</b> Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Gebreke tov inhoudseleksie en beheer. Effens onvoltooid en irrelevante inhoudseleksies.			<b>C+</b> 33 - 34	<b>C</b> 31 32	<b>D+</b> 28 - 29			
<b>VLAK 5</b> Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang en beheer.				<b>C-</b> 30	<b>D</b> 26 - 27	<b>E+</b> 23 - 24		
<b>VLAK 6</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					<b>D-</b> 25	<b>E</b> 21 - 22	<b>E-</b> 20	
<b>VLAK 7</b> Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Grootliks irrelevant.						<b>E-</b> 20	<b>F</b> 13 - 19	
<b>VLAK 8</b> Geen relevante inhoudseleksie nie. Heeltemal foutief.								<b>G 07 - 12</b> <b>H 00 - 06</b>



**AFDELING A: OPSTELVRAE**

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'n SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL.**



**VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Die veranderende politieke klimaat in Suid-Afrika na 1929 het generaal J B M Hertzog en generaal J C Smuts in 'n 'gerieflikheidshuwelik' ingedwing.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord deur te verwys na die periode 1929 tot 1934.

**SINOPSIS**

Die kandidate kan met die stelling saamstem of verskil. Hulle moet fokus op hoe die ekonomiese situasie en verskeie ander faktore tot 'n nouer politieke verhouding tussen Hertzog en Smuts tussen 1929 tot 1934 bygedra het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Die kandidate moet hul standpunte inneem en aandui of hulle dink die politieke klimaat vir Hertzog en Smuts in 'n 'gerieflikheidshuwelik' ingedwing het.

**UITBREIDING**

- Die uitwerking van die groot depressie op Suid-Afrikaanse politiek
- Brittanje se onttrekking uit die goudstandaard en die uitwerking op Suid-Afrika se ekonomie
- Die rol van Tielman Roos (skep 'n klimaat vir politieke onderhandelinge)
- Politieke onderhandelinge tussen Hertzog en Smuts ( 7 puntooreenkoms)
- Koalisie (uitwerking op verkiesings)
- Samesmelting (totstandkoming van die VP en ander politieke partye)
- Samevatting: Kandidate moet hul gedagterigtings saamvat deur aan te dui of die politieke klimaat Hertzog en Smuts in 'n 'gerieflikheidshuwelik' ingedwing het.

**[50]**



**VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Na sy triomf in die 1943-verkiesing het die Verenigde Party se ondersteuning begin afneem. Teen hierdie agtergrond was die nederlaag in die 1948-verkiesing nie onverwags nie.

Stem jy met die stelling saam? Motiveer jou antwoord deur na die gebeure wat die ommeswaai in ondersteuning na die Herenigde Nasionale Party (Nasionale Party) in die 1948-verkiesing beïnvloed het.

**SINOPSIS**

Die kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of verskil. Daar word van hulle vereis om te toon hoekom die VP se nederlaag onverwags was. Hulle moet ook 'n breë begrip van die faktore wat die uitslae van die algemene verkiesing van 1948 beïnvloed het, demonstreer.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet aandui wat hul gedagterigtings is en hoe hulle dit gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

- Die 1943-algemene verkiesing (agtergrond)
  - Ekonomiese beleid (die ekonomie was bevooroordeelde ten gunste van die oorlogspoging)
  - Probleme binne die Verenigde Party (interne probleme en die afname van Smuts se gewildheid na die Tweede Wêreldoorlog)
  - Verstedeliking (gevolge van verstedeliking)
  - Einde van Tweede Wêreldoorlog en demobilisasie (behandeling van die soldate wat teruggekom het)
  - Na-oorlogse ekonomiese probleme en arbeidsonrus (stakinge)
  - Vrese van blankes dat hulle beheer sal verloor (Hofmeyr se liberale sienswyses; eise van swart nasionalisme)
  - Rassebeleid (Smuts se gebrek aan 'n duidelike rassebeleid teenoor die NP se beleid van apartheid)
  - Die veranderende internasionale situasie (VVO)
  - Tussenverkiesings (Smuts verloor ondersteuning)
  - Die betekenis van die 1948-verkiesing
- Samevatting: Kandidate moet hul gedagterigtings saamvat en toon hoe die afwesigheid van 'n duidelike beleid oor baie sake betekenisvol bygedra het tot die nederlaag in die 1948-verkiesing.

**[50]**



**VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

Evalueer die sukses van die weerstand teen apartheid in die periode 1948 tot 1958.

**SINOPSIS**

Kandidate moet bepaal in watter mate die aanvanklike weerstand teen apartheid gedurende die periode 1948 en 1958 suksesvol was.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem oor die mate waarin die aanvanklike weerstand teen apartheid suksesvol was.

**UITBREIDING**

Let wel: Al die dele hieronder moet verband hou met die vereistes van die vraag, naamlik hoe suksesvol elkeen was om apartheid tot 'n end te bring.

- Program van Aksie – 1949
- Die Versetveldtog (Defiance Campaign) – 1952
- Onderwysboikot – 1954
- Congress Alliance en die Vryheidmanifes (Freedom Charter) – 1955
- Die Hoogverraadsaak – 1956
- Die Anti- Pasveldtog deur vroue na die Uniegebou – 1956
- Sommige kan moontlik ander aksies na 1956 insluit bv. voortdurende proteste teen die uitbreiding van die paswette, SACTU pond-per-dag-veldtog - 1957
- Die busboikotte - 1957
- Skeuring in die ANC – stigting van die PAC (as gevolg van onenigheid)
- Samevatting: Kandidate moet hul gedagterigtings saamvat deur te toon hoe suksesvol die passiewe weerstand teen apartheid was.

**[50]**



**VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

Na die Sharpeville-massamoord het beide die African National Congress (ANC) en die Pan Africanist Congress (PAC) besluit dat meer militante weerstand noodsaaklik was. Die Nasionale Party-regering was egter vasberade om enige weerstand met alles in sy mag te onderdruk.

Stem jy met die stelling saam? Ondersteun jou antwoord deur na die onderdrukking en weerstand tussen 1960 en 1976 te verwys.

**SINOPSIS**

Die kandidate kan met die stelling saamstem of verskil. Die kandidate se gedagterigtings moet bepaal of die ANC en PAC hulle weerstandstrategie na 1960 verander het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigtings aandui en toon hoe hulle beplan om die gedagterigting te ondersteun

**UITBREIDING**

- Die Sharpeville-massamoord en die verandering in die weerstandstrategieë
- Onderdrukking deur die regering (verbanning van weerstandsbewegings en aanhouding van swart politieke leiers)
- Redes vir die stigting van Umkhonto we Sizwe (MK) en POQO
- Liliesleaf Farm en die Rivonia-verhoor (uitwerking op weerstandspolitiek)
- Algemene Regswysigingswet (verdere onderdrukking van vryhede)
- Die uitwerking van studente-weerstand (Die African Resistance Movement (ARM), die Swartbewussynsbeweging (Black Consciousness Movement – BCM), die South African Students' Organisation (SASO), ens.
- Die invloed van die jeug op weerstand (Soweto-Opstand, 1976)
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat deur aan te dui of die Sharpeville-massamoord en die reaksie van die Nasionale Party-regering die African National Congress en Pan Africanist Congress gedwing het om hulle weerstandstrategieë te verander.

**[50]**



**VRAAG 3A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Die vakbonde het 'n betekenisvolle rol in die aftakeling (beëindiging) van apartheid gedurende die 1980's gespeel.

Assesseer die geldigheid van hierdie stelling deur bewyse uit die periode te verskaf om jou antwoord te ondersteun.

**SINOPSIS**

Kandidate moet die rol van die vakbonde teenoor ander bewegings teen die apartheidstelsel gedurende die 1980's assesseer. Relevante voorbeelde van werkerunies en hulle militantheid moet gebruik word om hulle argument te beklemtoon.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle dink die vakbonde 'n betekenisvolle rol in die aftakeling van apartheid gespeel het en hoe hulle beplan om hulle argument te ondersteun.

**UITBREIDING**

In die bespreking van die vakbonde moet kandidate die rol wat hulle gespeel het om apartheid te beëindig, beklemtoon.

- Opkoms van die werkervakbondwese na die Wiehan Kommissie
- Redes vir die stigting van die Federation of South African Trade Unions (FOSATU)
- Council of Unions of South Africa (CUSA)
- Nie-geaffillieerde unies bv. South African Allied Workers Union (SAAWU);
- General Workers Union (GWA) en die National Union of Mineworkers (NUM)
- Congress of South African Trade Unions (COSATU)

(Wanneer die kandidate die stelling assesseer, kan die kandidate ook verwys na die rol van die blanke werkersvakbonde om die apartheidstelsel in stand te hou of om die blanke werkers te beskerm)

- Samevatting: Kandidate moet hul argumente op 'n logiese wyse saamvat. Hulle moet 'n aanduiding gee van hoe belangrik hulle gedink het die rol van die vakbonde was.

**[50]**



**VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

In watter mate was die interne weerstand en internasionale druk suksesvol in die beëindiging van apartheid?

Verduidelik jou gesigspunt deur bewyse uit die periode 1983 tot 1989 te gebruik.

**SINOPSIS**

Die kandidate moet hul sienswyses aandui en die mate waartoe interne weerstand en internasionale druk suksesvol was om apartheid te beëindig. In die proses kan sommige kandidate moontlik die weerstand opweeg teenoor ander redes wat apartheid tot 'n einde gebring het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet hul standpunte inneem en aandui in watter mate die interne weerstand en internasionale druk teen Botha se regering suksesvol was.

**UITBREIDING**

- Onderdrukking en hervorming (1983-grondwet) as agtergrond vir die weerstand
- Weerstand – (onstuitbare massa-aksie; die stigting en rol van die UDF in die weerstand teen hervorming)
- Weerstand – (rol van ander organisasies bv. National Forum, AZAPO, BCM, township-/gemeenskap-/ godsdienstige organisasies in die weerstand teen hervorming).
- Die instelling van 'n noodtoestand (redes en reaksie)
- Die opkoms van MDM - 1985
- Internasionale druk (uitwerking van sanksies deur internasionale gemeenskap)

(NB:Die werklike goeie kandidaat sal 'n kandidaat wees wat eerder op die 'in watter mate' fokus eerder as op die weerstand en onderdrukking.)

- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat en die mate waarin die interne weerstand en internasionale druk teen Botha se regering suksesvol was.

**[50]**



**AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE****DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

**VLAKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING**

<b>VLAK 1 (V 1)</b>	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
<b>VLAK 2 (V 2)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 3 (V 3)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 4 (V 4)</b>	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.



**VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948****4.1 DIE GESIGSPUNTE VAN AFRIKANISTE OOR AFRIKA-NASIONALISME IN DIE 1940's****4.1.1 [Onttrekking van inligting uit Bron 4A – V 1]**

Die ANC het bestaan uit

- onderwysers, intellektualiste, kerkmense
- die elite van die swart gemeenskap
- ouer mense
- mense wat geglo het in versoening met die mense wat in beheer is
- ouer mense wat nie belanggestel het in aksie teen die regering nie

(enige 3 x 1)

**4.1.2 [Interpretasie van inligting uit Bron 4A – V 1]**

- Die ANC het bestaan uit die elite en die ouer mense van die swart gemeenskap en hulle het in betogings en vergaderings met die regering geglo
- Die jeug het daarin geglo om die regering deur die gebruik van militante metodes uit te daag – maar steeds passief.

(2 x 2)

**4.1.3 (a) [Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V 3]**

- Om die ANC te laat oplewe
- Reaksie teen die ANC-leierskap

(2 x 1)

**(b) [Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V 3]**

- Om 'n koördineringsagent te wees
- Die jeug wou met die ryk tradisies van die ouer mense voortgaan.
- Hulle wou die ANCYL tot stand bring om 'n impak te hê op die politieke bewussyn en dit te ontwikkel.
- Om mense polities te ontwikkel en nasionale bewussyn in te skerp
- Om dit meer aanvaarbaar vir die massa te maak en sy metodes van weerstand te wysig.

(enige 3 x 2)

**4.1.4 (a) [Identifiseer bewyse uit Bronne 4C en 4D – V 1]**

- Lembede en Garvey het 'n Afrika-nasionalisme verkondig wat slegs op Afrikane gefokus het
- Beide het verwys na die feit dat Afrika eksklusief aan Afrikane behoort
- Dit het Europeërs in Afrika uitgesluit
- Dat Afrikane moet verenig ten spyte van hulle stamverskille.

(enige 3 x 1)



(b) *[Interpreteer en analiseer van Bronne 4C en 4D - V 4]*

- Die Jeugliga het 'n gematigde vorm van nasionalisme voorgestaan
- Dit het verklaar dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daar woon
- Streef vrede tussen rasse na (in plaas daarvan om blankes na Europa terug te jaag).

(enige 3 X 2)  
(24)**4.2 DIE LEIERSKAP VAN DIE BUSBOIKOTTE IN ALEXANDRA GEDURENDE DIE 1940's**4.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 4E – V 3]*

- 'RG' Baloyi was 'n verteenwoordiger in die VNR, buseienaar en grondbesitter en het die verhoging van die busgeld voorgestaan.
- Gaur Radebe was 'n vakbondlid, 'n gesiene lid van die Transvaalse ANC en Kommunistiese Party en 'n leier in die Alexandra busboikot. Hy het die verhoging in busgeld teengestaan.

(2 x 3)

4.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 4E – V 1]*

- Het 'n busboikot vir die volgende oggend beplan
- Blaadjies (strooibiljette) gedruk
- Op twee groepe protesteerders besluit
- Het 'n vergadering vir die volgende aand beplan
- Gaur het komiteede aangemoedig om deel te neem

(enige 3 x 1)

4.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4E – V 3]*

- Herinner komiteede daaraan dat hulle leiers in eie reg is en nie slegs die twee groepleiers nie en elkeen 'n verskil moet maak
- Moedig komiteede aan om deur hulle voorbeeld te toon dat hulle sterk leiers is

(2 x 2)

4.2.4 *[Onttrek bewyse uit Bron 4F – V 1]*

- Geen goeie poging is aan die begin van die boikotstryd aangewend om 'n komitee in Alexandra demokraties te verkies om die stryd te lei nie
- Meer moes gedoen word en meer kon gedoen gewees het om die blanke openbare mening in belang van die mense van Alexandra aan te spoor
- Die openbare simpatie wat daar was, moes georganiseer gewees het (3 x 1)



## 4.2.5 [Onttrekking en sintese van inligting uit alle bronne – V 4]

Kandidate moet die bewyse uit hierdie bronne gebruik om die effektiwiteit van die leierskap van die 1940's Alexandra-busboikot te verduidelik. Kandidate kan die volgende aspekte insluit:

- Die invloed van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika en die ANC op die leiers
- Die leierskapsrol wat Gaur Radebe en andere gespeel het
- Effektiwiteit waarmee die leiers ondersteuning vir die Alexandra-busboikot gemobiliseer het
- Selfkritiek van die KPSA met betrekking tot die leierskap van die boikotte
- Enige ander relevante aspekte.

Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse. Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie.	<b>0 – 3 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en in 'n groot mate verband hou met die onderwerp. Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse.	<b>4 – 7 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	Onttrek relevante bewyse uit bronne wat baie goed met die onderwerp verband hou. Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	<b>8 – 10 punte</b>

(10)  
(26)  
**[50]**



**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976****5.1 DIE UITWERKING VAN DIE PASWETTE OP SUID-AFRIKANERS IN DIE 1950's**5.1.1 *[Interpretasie en onttrekking van bewyse uit Bronne 5A en 5B – V 3]*

- Swart Suid-Afrikaners is verplig om passe te dra en om te bewys dat hulle toestemming het om in die dorp te wees.
- As hulle sonder passe gevang word, sou hulle gearresteer word
- Polisie het swart mense gedurig beheer/gemonitor
- Swart Suid-Afrikaners is geteister
- Mense was netjies gekleed

(enige 2 X 2)

5.1.2 (a) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5B – V 2]*

- Houding nagevolg wat hulle basiese menseregte ondermyn het
- Brutaliteit – gevangenes was mindere/laer as gewone mense (vernederend)
- Gevangenisowerhede hulle gesag met krag oor gevangenes
- uitgeoefen

(enige 1 x 2)

(b) *[Onttrekking van inligting uit Bron 5B – V 2]*

- Hulle het met gevangenes grappe gemaak en gek geskeer en op hulle gevloek
- Gevangenes is in die gesig geslaan
- Polisie het gevangenes gereeld geskop en geslaan
- Gevangenes het sonder seep en handdoeke gewas

(enige 2 x 2)

5.1.3 (a) *[Afleiding uit bewyse uit Bronne 5A, 5B en 5C – V 2]*

- Nee – hulle het nie 'n geweldsmisdaad gepleeg nie – hulle moes nie gedwing geword het om passe te dra nie (daar is teen hulle gediskrimineer)
- OF Ja – dit was 'n wet en as jy die wet verbreek, word jy gevolglik 'n krimineel/ kon 'n slegte wet gewees het

(enige 1 x 2)



(b) *[Interpretasie en analise van Bronne 5A,5B en 5C – V 4]*

- Bron 5A toon hoe die swart mans se passe deur die polisie gekontroleer word
- Dit toon ook die gebrek aan vrye rondbeweging van swartes in die stede
- Bron 5B toon die arrestasie van Henry Nxumalo omdat hy nie 'n pas gedra het nie
- Dit toon ook die ongevoelige behandeling van mense in tronke
- Bron 5C toon die arrestasie van Motsoaledi omdat hy nie 'n pas gedra het nie; nie toegelaat om huis toe te gaan om dit te gaan haal nie

(enige 3 x 2)

5.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5C – V 2]*

- Familie- en gesinslede sou hom nie kon vind nie.

(1 x 2)

5.1.5 *[Analiseer, interpreteer en sintese van bronne - V 4]*

Die paragraaf moet die volgende insluit

- Toepassing van die paswet
- Die behandeling van paswetoortreders in die tronk – gesag oor ander mense
- Vernedering en skending van menseregte
- Degradering (aftakeling/vernedering)

Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse. Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie.	<b>0 – 3 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en in 'n groot mate verband hou met die onderwerp. Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse.	<b>4 – 7 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	Onttrek relevante bewyse uit bronne wat baie goed met die onderwerp verband hou. Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	<b>8 – 10 punte</b>

(10)

(30)



## 5.2 DIE UITWERKING VAN DIE WET OP GROEPSGEBIEDE OP DIE MENSE VAN SOPHIATOWN IN DIE 1950's

### 5.2.1 [*Interpretasie van Bron 5D - L 2*]

- Om gebiede te reserveer vir besetting deur verskillende rasgroepe.
  - Die wet verseker dat ander rasgroepe nie grond kan beset of koop in gebiede wat vir 'n spesifieke rasgroep gereserveer is nie
- (2 x 2)

### 5.2.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 5E - L 2*]

- Uitsetting van mense deur die polisie
  - Hulle huise is vernietig
  - Regering het wreedaardige metodes gebruik om die Groepsgebiedewet af te dwing
  - Opgetree voordat enige protesaksies kon plaasvind – het drie dae vroeër gekom
- (enige 3 x 2)

### 5.2.3 [*Analise en interpretasie van bewyse uit Bron 5E – L 3*]

- Om nie toe te laat dat mense vergader en organiseer nie
  - Om enige moontlikheid van weerstand of reaksie teen die regering se gedwonge verskuiwings te onderdruk
- (2 x 2)

### 5.2.4 (a) [*Afleiding uit bewyse uit Bron 5F – L 3*]

- Die gebou is vernietig
  - Mense was sonder huise, verslae en hulpeloos
  - Onmenslikheid van gedwonge verskuiwings
- (enige 2 x 1)

### (b) [*Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 5F – L 3*]

- Wou die toestand van die mense wat gedwonge uit hulle huise verskuif is, beklemtoon
  - Vroue en kinders is sonder dak oor hulle kop gelaat (koue)
  - Hulle het min besittings gehad
  - Wou die wreedheid van die Groepgebiedewet toon
  - Om verslag te doen oor wat gebeur het (nuus)
- (enige 2 x 2)

**(20)**  
**[50]**



**VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994****6.1 DIE UITWERKING VAN DIENSPLIG OP SUID-AFRIKANERS IN DIE 1980's**6.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 6A – V 1]*

- Dit was 'n oorlog waarin broer teen broer geveg het
- Dit het gehelp om te volhard met die onwettige besetting van Namibië
- Die leër was gewoond daaraan om die apartheidswette in stand te hou
- Diensplig was baie duur

(4 x 1)

6.1.2 *[Interpreteer bewyse uit Bron 6A om afleidings te maak – V 3]*

- Gelykheid voor die wet
- Die vryheid van keuse
- Gelyke verdeling van rykdom
- Onbillike oorlog
- Verdediging van die beleid van apartheid

(3 x 2)

6.1.3 *[Onttrekking en interpretasie van inligting uit Bron 6B – V 3]*

- Boodskap van afgryse van wat diensplig beteken het
- Sodat hy nie die werklikheid kon raaksien nie
- Dat hy nie beseft het dat hy teen sy eie mense veg nie
- Dat hy onbewus is van die gevolge van sy aksies
- Dat hy slaafs die bevele van sy meerderes nagevolg het

(enige 3 x 2)

6.1.4 (a) *[Interpretasie van inligting uit Bron 6C – V 2]*

- Om terrorisme te beveg
- Om Suid-Afrika teen buitelandse vyande te verdedig
- Om apartheid in stand te hou
- Om Sowjet-geborgde vryheidsmagte te stop

(enige 2 x 2)

(b) *[Interpretasie van inligting uit Bron 6C – V 2]*

- Om te help met die implementering van die apartheidbeleid
- Om huis-tot-huis ondersoeke in townships te doen
- Die SAW is as die vuus van apartheid beskou
- Gebruik om die blanke minderheidsregering te verdedig

(enige 3 x 2)



6.1.5 [Onttrek bewyse uit al die bronne, maak komplekse interpretasies om 'n stuk geskiedenis (paragraaf) te skryf om empatie te toon – V 4]

Kandidate kan enige van die volgende gesigspunte kies en hul standpunte ondersteun deur hul eie kennis en relevante inligting uit die bronne.

- Sommige kandidate sal diensplig verkies en gevangenskap vermy

OF

- Ander kandidate kan diensplig kies omdat hulle die apartheidsregering ondersteun; hulle wou hulself beskerm teen kommunistiese invloede

OF

- Sekere kandidate kan dalk nie diensplig kies nie en die land verlaat of in ballingskap gaan

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	Het nie 'n keuse gemaak nie of het 'n keuse gemaak, maar het nie die keuse gemotiveer op so 'n wyse dat dit met die bewyse in die bron verband hou nie of toon nie 'n begrip van die situasie wat die jong matrikulante nadat hulle skool verlaat het, in die gesig gestaar het nie.	<b>0 – 3 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	'n Relevante gesigspunt is gekies. Geldige redes vir die keuse is gegee. Die motivering en die gebruik van bewyse uit die bronne toon in 'n sekere mate 'n begrip van die situasie wat die jong matrikulante nadat hulle skool verlaat het, in die gesig gestaar het.	<b>4 – 7 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	'n Relevante gesigspunt is gekies. Logiese, duidelike en geldige redes vir die keuse is gegee. Die motivering hou baie goed verband met die situasie wat die jong matrikulante nadat hulle skool verlaat het, in die gesig gestaar het. Bewyse uit bronne is ook baie effektief gebruik om 'n begrip van die onderwerp te toon.	<b>8 – 10 punte</b>

(10)

(36)



## 6.2 DIE CONGRESS OF SOUTH AFRICAN STUDENTS (COSAS) SE STANDPUNT OOR NIE-RASSIGHEID

### 6.2.1 [Onttrek bewyse uit Bron 6D – V 1]

- Die afwesigheid van 'n hartlike verhouding tussen studente en die gemeenskap
- Dat die studente kortsigtig was in hulle beplanning
- Die anti-blanke-neigings
- Die aanvanklike afwesigheid van kleurlinge en Indiërs in die vryheidstryd
- Apartheidsbeleid het nie nie-rassige unies toegelaat nie (enige 4 x 1)

### 6.2.2 [Interpretasie van Bron 6D – V 2]

- Om die rasgrense af te breek
- Om COSAS te oortuig om weg te beweeg van Swart Bewussyn
- Om almal bewus te maak dat dit 'n klassestryd tussen ryk en arm is
- Om kleurlinge en Indiërs te oortuig om by hulle aan te sluit (enige 3 x 2)

### 6.2.3 [Interpretasie van Bron 6D om afleidings te maak – V 3]

- Dit beklemtoon die slagspreuk
- Dit verwys na die universele ideaal van magsdeling (verantwoordelikheid neem vir ander studente)
- Onderwys vir almal (2 x 2)

**(14)****[50]****TOTAAL: 200**